

## Kaktus – Probleemgewasse

Soos die groen turksvy is ook nog 'n hele klomp ander kaktusgewasse uit Middelamerika na ander kontinente versprei, en vandag sit ons met groot probleme. Die plante versprei onbeheerd. Kyk maar om julle: op die eie plaas rondom werf, lokasie, in die veld, orals waar mense bly of gebly het.

Opuntia stricta (E:Australian pest,A:rooi- of suurturksvy, D: rote / Saftkaktusfeige)

Opuntia aurantiaca (E: mock cactus, A: kabelturksvy)

Opuntia lindheimeri (A: kleinrondeblaarturksvy)

Opuntia robusta (E: blue-leaf-cactus)

Harrisia martinii (A: toukaktus)

Orrelkaktus, Saeulenkaktus, torch cactus, nagblom, queen-of-the-night, en, en, en, te veel om op te noem.

Al hierdie plante is moeilik beheerbaar, omdat hulle so UITERS GEHARD en "lebenstuechtig" is: hulle hou uiterste klimaatstoestande uit (behalwe te veel water.....in hierdie land onwaarskynlik);

hulle reproduseer vegetatief (deur plantdele wat wortels vorm) EN deur sade. Albei word deur mens EN dier versprei.



Opuntia aurantiaca (E: mock cactus, A: kabelturksvy)



Harrisia martinii (A: toukaktus)



Säulenkaktus



Vegetatiewe voortplanting



Daar is drie maniere van beheeruitoefening, BIOLOGIES, CHEMIES EN MEGANIES:  
biologies d.m.v. plantvretende insekte, luise, myt, fungi bv.  
chemies dmv.onkruidodders, gifstowwe,  
meganies d.m.v.uithaal en vernietiging van plant (bv. droog en uitbrand, fynkap en laat vrot).

#### Biologiese behandeling

Ons weet almal van die Cochenille-luis (*Dactylopius ceylonicus*) wat duisende hektare turksvyruigtes in Suidafrika vernietig het.

Hierdie luis sit egter nie op ALLE SOORTE kaktusgewasse nie! Daar is verskillende luise wat verskillende kaktussoorte aanval. (En daar begin ons leke se probleme: watter luis vir watter kaktus en waar kry ek dit?)

Daar is ook nog 'n kaktusmot wat ingevoer is, die sukses was matig.



Rooi tuksvy met Cochenille luise



Cochenille kleursel van plat gedrukte luise

Die Cochenille-luis is op die *Opuntia ficus-indica* gekweek vir sy rooi kleurstof, wat in lipstiffies gebruik is.

### Chemiese behandeling

MSMA is in Suidafrika met GROOT sukses gebruik, asook triklopit en glifosaat. Die middel/s is die plante gedurende die GROEISEISOEN ingespuut (injection) of buite opgespuut alleen of gekombineerd.

Hierdie metode is BAIE DUUR. Ek persoonlik hou nie baie van gifbehandelings nie, omdat die middels dikwels nie lank en deeglik genoeg op nuwe-effekte getoets is nie.

### Meganiese behandeling

Hierdie metode is 'n GROOT UITDAGING vir ons almal (as ons dit wil aanpak): Haal die HELE plant uit met wortel en al.

- Kap in klein stukkies en droog stukkies totaal uit (op sementbaan, metaalsif wat nie op die grond le nie, op 'n ou sleepwabak, bv)  
Gooi uitgedroogde plantdele op 'n hoop en brand uit.

OF

- Begrawe die fyngekapte plante DIEP minstens 1,5 m diep (bv. in 'n gat, gooi toe met sand).

Sal dit nie uitvoerbaar wees, om die fyngekapte plantmateriaal onder swart plastiekvel te laat komposteer? (net so 'n idee, wat by my opgekom het)...

Onder 'n groot swart plastiekbaan behoort dit goed te komposteer, want dit word baie warm, daar is genoeg vog in die plantstukke self en die hitte behoort nuwe groei te belemmer. WIE WILL PROBEER? (Ek is nie 'n komposspesialis nie). As IEMAND kans sien om dit te toets, gee tog dan asseblief terugvoer, sodat ons dit met almal kan deel. In elk geval is die meganiese metode baie WERKSINTENSIEF.

Die veiligste en effektiëste metode bestaan seker uit 'n KOMBINASIE van chemies-meganies, biologies-meganies, en die NASORG na suksesvolle vernietiging van ongewenste kaktusplante.

Om spaarsaam met water om te gaan, word al belangeriker, en 'n oplossing daarvoor is dalk in opuntia-gewasse te vinde!! By toetse het die Amerikaanse ingenieurs Norma Alcantar uitgevind, dat die klewerige sap was opuntias in hulle stamme opgaar, ook 'n reinigende werking het. Onsuierhede en bakterië koek saam en sak af. Dis die slym van die plant wat die onsuierhede bind. Tot 98% bakterië kon so gebind en uit die water gehaal word. Alcantar stel voor dat bewoners van droë gebiede hulle drinkwater met 'n skyf *Opuntia stricta* (rooi turksvy) opkook, die water drink, die skyf turksvystam vernietig. Baie dikwels staan die plante voor hulle drumpel. Is dit nie 'n opwindende stukkies inligting nie?!

Inligtingsbronne:

Probleemplant en Indringeronkruide van Suidafrika (Clive Bromilow),

Gernot Jacobi

Teks: Anka Eichhoff

Fotos: Nadine Gaerdes, Luise Hoffmann, Anka Eichhoff

Baie dankie vir julle samewerking!

Maart 2015 (geaktualiseer Mei 2015)